

Die Biddende Hande

Dié slag kan jy 'n gewilde hekelwerkke van kantdraad maak vir 'n spesiale plekkie in jou huis

handwerk


saamgestel deur ANNINE VAN REENEN en SJOUKJE JORDAAN
verwerk en gehekel deur SARIE FREEMAN



foto geneem by VICTORIAN AVANT GARDE

Dié fyn hekelwerkke kan op enige manier afgewerk word. Geraam op 'n paslike plekkie teen 'n muur, sal dit pragtig vertoon. Dit is gemaak van Maria Lace Nr. 70. Die kanthekeldraad word versprei deur BRASCH HOBBY, (011) 493-9100, en is landwyd by brei- en hekelwinkels beskikbaar.

DIAGRAM VIR BIDDENDE HANDE



BIDDENDE HANDE

BENODIGDHEDE

Maria Lace Nr. 70, 1 bol, hekelpen van 0,75mm.

MATE

23 x 29 cm.

SPANNING

25 sps en 24 rye =
10 x 10 cm.

AFKORTINGS

ks - kettingsteek; lb - langbeen;
sp(s); herh - herhaal.

AANWYSINGS

Begin met 174ks, draai, slaan 8ks oor, 1lb in 9e ks vanaf hekelpen, *2ks, slaan 2ks oor, 1lb in vlg ks herh van * tot einde - 56 sps.

Kyk op diagram en hekel daarvolgens tot laaste ry voltooi is.